higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N570(**A)**(J15)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N6

(4010216)

15 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

'n Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n antwoordboek van 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE REKENINGKUNDE N6
TYD: 3 URE
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Toon AL die berekeninge in hakies waar nodig.
5. Finansiële state moet volgens die 2015-sillabus opgestel word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

(1.1.1 …) is behoue winste wat as 'n dividend aan (1.1.2 …) verklaar kan word na goeddunke van die direkteure . 'n (1.1.3 …) is verskuldig en (1.1.4 …) wanneer dit verklaar is. (1.1.5 …) word waardeer teen die laagste van koste en (1.1.6 …) waarde. Interne beheer is 'n (1.1.7 …) van beheermaatreëls, finansiële of (1.1.8 …), wat deur (1.1.9 …) ingestel word om die onderneming op 'n ordelike manier te bestuur en om die bates te (1.1.10 …) (10 × 1) (10)

1.2 Gebruik die volgende opskrifte om tussen 'n openbare maatskappy en 'n alleeneienaar te onderskei:

- Voorsiening van kapitaal
- Winsuitkering
- Aanspreeklikhede
- Ouditering van boeke
- Naam van die onderneming (10)

1.3 Wat is die huidige BTW-koers in Suid-Afrika? (2)

1.4 Wie se inkomste is BTW? (2)

1.5 Wie vorder BTW in? (2)

1.6 Noem VIER voorbeelde van BTW-vrygestelde items. (4)

[30]

VRAAG 2

2.1 Teken die onderstaande transaksies in die toepaslike joernale aan.

Alle bedrae sluit BTW in, behalwe waar die teendeel genoem word.

Verklarende aantekeninge word nie vereis nie.

ROND BEDRAE AF TOT DIE NAASTE RAND.

Transaksies: Maart 2016

1. Goedere vir kontant verkoop, R570.

2. Handelsvoorraad by Makro vir kontant gekoop, R1 500 (BTW uitgesl.)

3. 'n Debiteur (A. Zwane) het sy skuld van R7 000 vereffen en 'n korting van R114 is aan hom toegestaan.

4. 'n Tjek is aan Game uitgereik ter vereffening van 'n rekening van R3 228, en 'n korting (afslag) van R228 is ontvang.

5. Die eienaar het skryfbehoeftes van R2 000 (BTW uitgesl.) vir eie gebruik geneem.

(20)

2.2 Gebruik die volgende staat van finansiële posisie om die vrae te beantwoord.

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE VAN MARUMO BPK OP 31 DESEMBER 2015

BATES	Aantekeninge		
Niebedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting		**2.2.3**	
Ander finansiële bates		17 600	
Bedryfsbates			1 232 000
Voorraad		566 500	
Handels- en ander rekeninge ontvangbaar		369 600	
Kontant en kontantekwivalente		295 900	
TOTALE BATES			**2.2.2**
EKWITEIT EN LASTE			2 491 500
UITGEREIKTE AANDELEKAPITAAL EN RESERWES		1 375 000	
Uitgereikte aandelekapitaal		1 116 500	
Reserwes			
Niebedryfslas			210 000
Langtermynlening		210 000	
Bedryfslaste			833 900
Handels- en ander rekeninge betaalbaar		246 400	
Huidige gedeelte van langtermynlening		120 000	
Belasting betaalbaar		209 000	
Dividende betaalbaar		258 500	
TOTALE EKWITEIT EN LASTE			**2.2.4**

2.2.1 Noem en verduidelik die vier kwalitatiewe kenmerke van goeie finansiële verslagdoening waaraan die staat hier bo moet voldoen ten einde as bruikbaar beskou te word. (8)

2.2.2 Bereken die bedrag vir totale bates. (4)

2.2.3 Bereken die bedrag van eiendom, aanleg en toerusting. (4)

2.2.4 Bereken die bedrag van totale ekwiteit en laste. (3)

Kopiereg voorbehou

2.2.5 Wat sal jou help om te weet watter soort ondernemingsvorm Marumo Bpk is? (2)

2.2.6 Hoeveel direkteure (minimum) moet die tipe onderneming wat jy in VRAAG 2.2.5 genoem het, hê? (2)

2.2.7 Watter aandele moet in 'n maatskappy se Akte van Oprigting geregistreer word? (2)

2.2.8 Wat is *Huidige gedeelte van langtermynlenings* wat onder die bedryfslaste verskyn? (3)

2.2.9 Gee DRIE voorbeelde van reserwes. (3)

2.2.10 Wat is voorraad? (3)

2.2.11 Wat is die doel van hierdie finansiële staat? (2)

2.2.12 By watter kommissie moet hierdie sakeonderneming geregistreer word? (2)

2.3 Klassifiseer die volgende items volgens funksie:

Inkomste, verspreidingskoste, finansieringskoste, administratiewe koste

Skryf eerstens die funksie as 'n opskrif neer, en klassifiseer dan die items daar onder.

2.3.1 Verkope, dienste gelewer, rente op lening, salaris vir verkoopsverteenwoordigers, skryfbehoeftes, versekering, telefoon, tantieme, reklame rente op bankoortrekking (10)

2.3.2 Watter finansiële staat word gebruik om die items in VRAAG 2.3.1 te voltooi? (2)

2.3.3 Skryf die raamwerk van die finansiële staat wat in VRAAG 2.3.2 genoem is volledig neer, en klassifiseer die items op grond van hul funksie. Gebruik 'xx' in die ruimtes vir die bedrae. Toon aftrekkings tussen hakies aan. (13)
[83]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Die volgende inligting hou verband met Peter & John Beslote Korporasie:

Proefbalans op 28 Februarie 2017

	Debiet	Krediet
Ledebydrae: P Peter		112 500
J John		120 000
15% Langtermynlening		90 000
10% Lening aan J John (verleen op 1 Junie 2016)	49 500	
12% Lening van P Peter (verkry 1 Januarie 2016)		30 000
Diverse krediteure		75 150
Grond en geboue teen kosprys	240 000	
Meubels teen kosprys	120 000	
Belegging teen kosprys	60 000	
Diverse debiteure	93 540	
Bank	60 960	
Opgelope waardevermindering: Meubels		12 300
Voorsiening vir slegte skuld		4 350
Handelsrekening (bruto wins)		442 500
Herstelwerk en instandhouding	21 000	
Rente op langtermynlening	13 500	
Salarisse en lone	140 400	
Administratiewe uitgawes	17 400	
Versekering	18 000	
Besoldiging – rekenkundige beampte	19 050	
Dividende ontvang op beleggings		9 000
Voorlopige belasting betaal	52 500	
Teruggehoue inkomste – 29 Februarie 2016		10 050
	905 850	905 850

Bykomende inligting:

- Slegte skuld ten bedrae van R540 moet nog afgeskryf word.
- Die voorsiening vir slegte skuld moet tot 5% van uitstaande debiteure aangepas word.
- Dividende op beleggings sluit 'n bedrag van R1 500 vir Maart 2017 in.
- Ingesluit in salarisse-en-lonerekening is 'n wins-verdeling van R15 000 aan elke lid.
- Maak voorsiening vir die volgende:
  - Rente op lenings aan en van lede
  - Waardevermindering op meubels teen 20% per jaar op kosprys
  - SA normale belasting R108 300
  - 'n Bykomende verdeling aan lede, R75 000
- Verkope, BTW teen 14% ingesluit, bedra R855 855.

VERLANG:

Stel 'n staat van omvattende inkomste van Peter & John BK op vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017. (Toon berekeninge tussen hakies.) **[30]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Bestudeer die inligting oor Mushin BK hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

MUSHIN BK
Staat van omvattende inkomste vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016

Verkope		440 000
Min: Koste van verkope		242 120
Bruto wins		197 880
Plus: Ander inkomste		4 000
Rente ontvang	4 000	
Bruto inkomste		201 880
Min: Uitgawes		146 120
Salarisse aan lede	96 000	
Rente op lede-lenings	20 712	
Verlies op verkoop van meubels	10 000	
Waardevermindering	19 408	
Netto wins voor belasting		55 760
Belasting		(27 884)
Netto wins na belasting		27 876
Verdeling aan lede		(24 000)
Behoue inkomste vir die jaar		3 876
Behoue inkomste aan die begin van die jaar		5600
Behoue inkomste aan die einde van die jaar		9 476

Kopiereg voorbehou

Mushin BK

Staat van finansiële posisie op 29 Februarie 2016

	2016	2015
BATES		
Niebedryfsbates		
Eiendom en meubels (AANTEKENING 1)	542 868	1 041 320
Belegging	–	20 000
Bedryfsbates	**76 680**	**31 900**
Voorraad	19 760	15 000
Debiteure	56 920	6 120
Kontant	-	10 780
TOTALE BATES	**619 548**	**1 093 220**
EKWITEIT EN LASTE		
Ledebydraes en reserwes		
Ledebydraes	210 000	180 000
Behoue inkomste	9 476	5 600
Niebedryfslaste		
Lening van lid	302 332	900 840
Bedryfslaste	**97 740**	**6 780**
Krediteure	36 660	2 400
Ontvanger van inkomste	15 280	2 200
Verdeling aan lede	12 600	2 180
Bankoortrekking	33 200	-
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	**619 548**	**1 093 220**

AANTEKENING 1: Eiendom en meubels

2016	KOSPRYS	OPGELOPE WAARDEVERMINDERING	BOEKWAARDE
Grond en geboue	480 000	-	480 000
Meubels	120 000	57 132	62 868
	600 000	57 132	542 868

2015	KOSPRYS	OPGELOPE WAARDEVERMINDERING	BOEKWAARDE
Grond en geboue	885 320	-	885 320
Meubels	200 000	44 000	156 000
	1 085 320	44 000	1 041 320

Geen eiendom en meubels is gedurende die jaar gekoop nie.
Meubels is gedurende die jaar verkoop.
Grond en geboue is teen kosprys verkoop.

Kopiereg voorbehou

VERLANG:

Stel die volgende op:

4.1 Die staat van kontantvloei vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016 (17)

4.2 Kontant van kliënte ontvang (2)

4.3 Kontant aan verskaffers en werknemers betaal (8)

4.4 Verdeling en belasting betaal (3)
[30]

VRAAG 5

5.1 Onderskei tussen *interne oudit en eksterne oudit* deur VYF verskille te noem.(5 (10)

5.2 Noem en verduidelik DRIE tipes ouditmenings/verslae. (9)

5.3 Noem VIER stappe in die interne-ouditproses. (4 × 2) (8)
[27]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou